education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MUSIEK

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2009

Hierdie riglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT: EKSAMENRIGLYNE VIR MUSIEK

1 FORMAAT VIR MUSIEK VRAESTEL 1 EN MUSIEK VRAESTEL 2 BEGRIPSTOETS

Die volgende formaat sal vir die finale Graad 12-eksamen in 2009 gebruik word.
Let asseblief daarop dat konsepte wat op bladsye 3 en 4 genoem word, slegs voorbeelde is. Dit moet slegs gebruik word as ‘n riglyn vir eksamenvoorbereiding.

2 MUSIEK VRAESTEL 1

- Tyd: 3 uur
- Totaal: 120 punte – dit verskil van 2008
- Daar is TWEE afdelings en VYFTIEN vrae.
- Daar is keuses in die vraestel. Lees die opsies versigtig.
- Die vraestel is op ANNEXURE 2: Content Framework for Music gebaseer. Dit verskyn op bladsy 27 van die Leerprogramriglyne van Januarie 2008.
- Konsulteer handboeke in die nasionale katalogus van goedgekeurde boeke vir Grade 10 – 12. Vir besonderhede oor bronne kan p.6 in die 2009 PAT-dokument vir Musiek geraadpleeg word.
- Die inhoud, vaardighede en kennistoepassing wat in Graad 10 en 11 geleer is, word in die Graad 12-vraestel getoets, veral ten opsigte van die verpligte geskiedenis-onderwerpe.
- Vanaf 2009 sal kandidate nie meer toegelaat word om die eksamenkamer te verlaat om ‘n musiekinstrument te gebruik nie.
- Raadpleeg ANNEXURE 1: Broad Curriculum Framework for Music in Grades 10 – 12 op p.26 van die Leerprogramriglyne van Januarie 2008.
- Die vrae is op Leeruitkomste 3 en 4 en hul onderskeie Assesseringstandaarde en Voorgestelde Inhoud gebaseer.

  LEERUITKOMS 3:
  Die leerder kan die kennis en vaardighede van musiekteorie toepas om musiek van ‘n verskeidenheid style en kulture te kan lees, skryf en verstaan.

  LEERUITKOMS 4:
  Die leerder kan krities reageer teenoor musiek deur navorsing, resensies, waardering en deelname aan Afrika- en globale musiekprosesse, -praktyke en -produkte binne hul historiese, kulturele, sosio-ekonomiese en ander kontekste.

FORMAAT EN SAMEVATTING VAN VRAESTEL 1: MUSIEKTEORIE EN -GESKIEDENIS

MUSIEK VRAESTEL 1 **Musiekteorie en -geskiedenis** **3 uur**			
TEORIE		**GESKIEDENIS**	
AFDELING A:		**AFDELING B:**	
VRAAG 1		VRAAG 6	
• Transkripsie • Transposisie • Ritmiese groepering • Notasie en benoeming van drieklanke • Identifiseer kadense	[20]	20ste eeuse musiek • Begrip van konsep • Toepassing daarvan	[8]
VRAAG 2		VRAAG 7	
• Herkenning van intervalle • Omkering van intervalle • Toepassing van ritmiese konsepte	[10]	Simfonie • Begrip van konsep • Toepassing daarvan	[8]
VRAAG 3		VRAAG 7 (VOORTSETTING)	
• Skryf en identifiseer van toonlere	[10]	Romantiese musiek: • Begrip van konsep • Toepassing daarvan	[6]
VRAAG 4		VRAAG 8 20ste eeuse music	[4]
• Skryf ‘n 12 maat-melodie	[8]	VRAAG 9 Populêre musiek	[4]
VRAAG 5		VRAAG 10 Suid-Afrikaanse kunstenaars in populêre musiek	[4]
• Tradisionele vierstemmige harmonie	[12]	VRAAG 11 Suid-Afrikaanse tradisionele musiek	[6]
of		VRAAG 12 Suid-Afrikaanse komponiste	[5]
• Nie-tradisionele harmonie	[12]	VRAAG 13 Suid-Afrikaanse volkslied	[5]
		VRAAG 14 Koormusiek	[5]
		VRAAG 15 Musiekindustrie en musiekregte	[5]
TOTAAL	**60**	**TOTAAL**	**60**
		GROOTTOTAAL	**120**

Copyright reserved

3 MUSIEK VRAESTEL 2 (Musiekbegripstoets)

- Tyd: 1½ uur
- Totaal: 30 punte – dit verskil van 2008.
- Daar is DRIE afdelings en VYF vrae.
- Tydens hierdie vraestel word 'n klank-CD aan die kandidate voorgespeel. Alle vrae is op die klankbaan gebaseer. Elke snit word 'n bepaalde hoeveelheid kere gespeel.
- Die vraestel is op ANNEXURE 2: Content Framework for Music op p. 27 van die Leerprogramriglyne van Januarie 2008 gebaseer.
- Raadpleeg die nasionale katalogus van goedgekeurde boeke vir Graad 10 – 12. Vir besonderhede oor bronnemateriaal, kan p.6 in die 2009 PAT-Dokument vir Musiek geraadpleeg word.
- Die inhoud, vaardighede en toepassing van kennis wat in Graad 10 en 11 geleer is, word in Graad 12 geassesseer.
- Raadpleeg ANNEXURE 1: Broad Curriculum Framework for Music in Grades 10 – 12 op p.26 van die Leerprogramriglyne van Januarie 2008.

FORMAAT EN SAMEVATTING VAN VRAESTEL 2: MUSIEKBEGRIPSTOETS

MUSIEK VRAESTEL 2 Gehoor, Vorm en Analise 1½ uur					
AFDELING A:		**AFDELING B:**		**AFDELING C:**	
VRAAG 1		VRAAG 3		VRAAG 5	
Gehoor: Herkenning van ritmes Tydmaattekens	[2]	Herkenning van komposisietegnieke	[4]	Vorm: Vormanalise Tekstuuranalise Komposisietegnieke	[10]
VRAAG 2		VRAAG 4			
Gehoor: Diktee Kadense	[6]	Herkenning van genres, styl en instrumente	[8]		
				TOTAAL	**30**

4 TOEPASSING VAN BLOOM SE TAKSONOMIE

Alle vrae word op die toepassing van die volgende norme volgens Bloom se taksonomie gebaseer, ooreenkomstig Umalusi se bepalings.

	Bloom se Vlak	Beskrywing	Persentasie per vraestel
A.	Vlakke 1 – 2	Onthou en verstaan	30%
B.	Vlakke 3 – 4	Toepas en analiseer	40%
C.	Vlakke 5 – 6	Evalueer en skep	30%

Voorbeelde van vlakke 5 – 6 sou byvoorbeeld die volgende kon wees:

- Skryf van ‘n 12 maat-melodie
- Voltooiing van vierstemmige harmonie

HIER VOLG ‘N BESKRYWING VAN BLOOM SE TAKSONOMIE:



Vlak 6

Skep
Skep nuwe idees, produkte of sienswyses
Ontwerp, konstrueer, beplan, produseer, uitvind

Vlak 5

Evaluating
Regverdig ‘n besluit of aksieplan
Kontroleer, hipotetiseer, kritiseer, eksperimenteer, beoordeel

Vlak 4

Analiseer
Haal inligting uitmekaar om verstandhoudings en verwantskappe te ondersoek
Vergelyk, organiseer, uitmekaarhaal, ondervra, bevind

Vlak 3

Toepas
Gebruik inligting in ‘n ander bekende situasie
Implimenteer, uitvoer, gebruik

Vlak 2

Verstaan
Verduidelik idees of konsepte
Vertolk, opsom, omskryf, klassifiseer, verduidelik

Vlak 1

Onthou
Herroep inligting
Herken, luister, beskryf, opspoor, benoem, vind

5 VOORGESTELDE RUBRIEK VIR MELODIESKRYF

Kandidate kan versoek word om enige van die volgende te gebruik:

- o Ritmiese patrone soos duplette, triole en kwintole
- o Komposisietegnieke soos sekwense, repetisie en nabootsing
- o Frasering
- o Tempo-aanduiding

AANWYSINGS VIR PUNTETOEKENNING

	BESKRYWING	PUNTETOEWYSING
A	Keuse van instrument/Stem	1
B	Korrekte gebruik van tydmaatteken	1
C	Nabootsing, bv. in m. 8-9	1
D	Frasering	1
E	Tempo-aanduiding	1
F	Kadense, bv. in m.4: onvoltooid of onderbroke en voltooide kadens in m.12	1
G	Grammatika (raadpleeg onderstaande rubriek)	6
	TOTAAL	**12**

BESKRYWING VAN GRAMMATIKA

ROUPUNT	BESKRYWING VIR GRAMMATIKALE PUNTETOEKENNING
6	Uitstekende gebruik van openingsmotief met vindingryke gebruik van komposisietegnieke soos sekwense of omkerings. Toon begrip vir vorm met herverskyning van aanvangsmotief. Goeie melodiestruktuur met duidelik gedefinieerde hoogtepunt. Duidelik geskik vir die gekose instrument of stem.
5	Baie goeie gebruik van die aanvangsmotief met sekwense, omkering, ens. Toon vormbegrip met herverskyning van openingsmotief. Goeie melodiestruktuur met duidelike hoogtepunt. Redelik gepas vir gekose stem of instrument.
4	Redelik goeie gebruik van openingsmotief, maar nie veel komposisietegnieke nie. Toon vormbegrip met hergebruik van begintema. Goeie mediestruktuur met ‘n hoogtepunt. Redelik geskik vir die gekose instrument/stem.
3	Maak wel gebruik van openingsmotief, maar nie altyd logies nie. Toon ‘n mate van vormbegrip met hergebruik van begintema. Melodie het ‘n soort struktuur, maar klimakspunt is ‘n bietjie onseker. Nie werklik geskik vir die gekose stem/instrument nie.
2	Die openingsmotief is wel gebruik, maar daar is weinig logika in die ontplooiing daarvan. Daar is melodiebeweging, maar die klimaks daarvan is oneffektief. Daar is ‘n mate van vormbegrip. Die melodie is nie werklik geskik vir die instrument / stem waarvoor dit geskryf is nie.
1	Die melodie is wel voltooi, maar daar is geen logiese ontwikkeling van die begin nie. Die melodie dwaal doelloos rond sonder enige fokuspunt. Daar is min of geen aanvoeling vir vorm nie.

- o Hierdie rubriek kan ook as ‘n onderwysersgids gebruik word.

6 VOORGESTELDE RUBRIEK VIR TRADISIONELE VIERSTEMMIGE HARMONIE

Kandidate kan versoek word om enige van die volgende te gebruik:

- o Beklemtoonde deurgangsnoot
- o Tweede omkeringprogressie
- o Dominant sewende
- o Twee kadense

NASIENRUBRIEK

	BESKRYWING	PUNTETOEWYSING
A	Korrekte gebruik van beklemtoonde deurgangsnoot	1
B	Dominant 7^{de}	1
C	Tweede omkering	1
D	Gepaste gebruik van kadens by frase-eindes m 3 – 4: Onvoltooid of Plagaal m 7 – 8: Voltooid	2
E	Gladde stemvoering	1
F	Grammatika: bv korrekte notasie, korrekte spasiëring tussen stemme, korrekte notasie van nootsteeltjies en korrekte besyfering	3
G	Algemene indruk: Musikaliteit, omkerings, primêre en sekondêre akkoorde en gepaste akkoordkeuse	3
H	Foute	Maksimum van -6 vir foute
	TOTALE PUNT	**12**

Onderwysers moet kandidate aanmoedig om die volgende te voorkom:

- o Paralelle 5des en oktawe
- o Swak stemvoering
- o Leitone wat nie styg nie
- o Swak akkoordkeuse
- o Ongemaklike verdubbeling
- o Tweede omkerings, behalwe as dit in ‘n aanvaarde progressie is
- o Kandidate moet hoofsaaklik primêre akkoorde gebruik om dit eenvoudig te hou.

7 RIGLYNE VIR ONDERWYSERS OOR NIE-TRADISIONELE HARMONIE

Onderwysers moet kandidate aanmoedig om:

- o Gekompliseerde akkoorde te vermy
- o Tonika, subdominant en dominant-akkoorde te gebruik
- o Kan bygevoegde 2de en 6de gebruik
- o Gebruik akkord met C7
- o Gebruik majeur- en mineur-akkoorde
- o Gebruik geskikte akkoorde vir gebruik in die Blues-toonleer

8 VOORGESTELDE BRONNELYS VIR EKSAMENVOORBEREIDING

- *Music an appreciation* 8ste of 9de uitgawe: Roger Kamien
- *Musiek*: Annemarie Alkema (Future Entrepreneurs)
- *Music Workbook Grades 10 – 12*: Dr. A Hoek
- *Music Composition and Improvisation Grades 10 – 12*: Dr. A Hoek
- *History of Music*: (Nuwe uitgawe) Roy Bennett
- *Form and Design*: Roy Bennett
- *Adventures in Music*: Roy Bennett

Dit kan nuttig wees om bykomende materiaal oor die volgende onderwerpe te versamel:

- Populêre musiek
- Suid-Afrikaanse populêre kunstenaars
- Suid-Afrikaanse komponiste
- Romantiese musiek-genres
- Musiek vir sosiale geleenthede

9 RIGLYNE VIR PRAKTIESE EKSAMENS

Die volgende puntetoekenning word vir die praktiese eksamen voorgestel:

GRAAD 12 PRAKTIESE EKSAMEN (September/Oktober)		**Punte**
Toonlere, arpeggio's en tegniese oefeninge, vergelykbaar met minstens Graad 5/6. (LO1)		**15**
Repertorium: 4 stukke van minstens Graad 5/6-standaard. Gekies deur kandidate. Een stuk moet 'n ensemble-werk wees. Die eksamen mag op meer as een instrument/sang aangebied word. Een werk mag 'n eie geskrewe komposisie wees. Drie solowerke word vereis. Kandidate wat Afrika-instrumente aanbied, moet op twee verskillende instrumente van 'n ander gekose etniese groep, nie dieselfde as in Graad 10 en 11 nie, speel. 'n Ensemble moet uit minstens 2 en maksimum 8 persone bestaan. Kandidate wat populêre musiek of jazz aanbied, kan van 'n klankbaan gebruik maak vir ensemble-spel. (LO1)		4x20 = **80**
Bladlees, vergelykbaar met bladlees van minstens Graad 5/6-standaard. (LO 1)		**10**
Komposisie of verwerking word vooraf deur die onderwyser nagesien. Die eksaminator modereer dit tydens die praktiese eksamen. Die onderwyser moet die nagesiende werk twee weke voor die eksamen aan die eksaminator gee. Die komposisie of verwerking moet 'n kwaliteitwerk van minstens 24 mate wees. (LO 2)		**25**
Improvisasie	Op 'n gegewe ritme, melodie of akkoordprogressie, gebaseer op die eksaminator se keuse vanuit die kandidaat se gekose vier toonlere. (LO2) Improvisasie kan op die volgende wyses gedoen word: • Harmonies • Ritmies • Melodies – Improvisasie op 'n 4-maat motief (Raadpleeg Trinity Guildhall of ALMSA se voorbeelde)	**10**
Gehoortoetse: Kandidate moet albei items doen.	Bladsang gebaseer op die toonlere wat bestudeer is. (LO 1 & LO 3)	**10**
	Klap ritmes in alle tydmate, gespeel deur die eksaminator, of van die blad. (LO 3)	
T O T A A L: PRAKTIESE EKSAMEN		**150**

Alle komponente van hierdie eksterne eksamen moet geëksamineer word tydens die praktiese eksamen. Geen items van die eksamen mag voor die aankoms van die eksaminator voltooi word nie.

Onderwysers word aangeraai om van die rubrieke in die PAT-dokument vir bogenoemde komponente gebruik te maak. Raadpleeg bladsye 10 – 16 van die PAT-dokument van 2009.

10 VOORBEREIDING VIR DIE EKSTERNE PRAKTIESE EKSAMENS

Toonlere/Arpeggio's/Tegniese oefeninge/Vocalises (15 punte)

- Kandidate moet 'n volledige toonleerlys hê: Fotokopieë van toonleerlyste van minstens Graad 5 van enige van die volgende: UNISA, Trinity College, Royal Schools of ALMSA.
- Ten opsigte van kandidate wat gekies het om 6 verskillende etniese Afrika-instrumente te leer speel, moet die eksaminator en onderwyser vooraf ooreenkom oor watter tegniese werk die kandidaat gaan doen. Raadpleeg die 2009 PAT-dokument vir Musiek, p.7.

Drie stukke (60 punte [20 punte elk])

- Drie solowerke van 20 punte elk word vereis. Kopieë van die voordragwerke moet aan die eksaminator gegee word.
- Een werk kan 'n eie komposisie wees van minstens Graad 5-standaard. 'n Kopie van die werk moet aan die eksaminator gegee word.
- Ten opsigte van kandidate wat gekies het om 6 verskillende etniese Afrika-instrumente te leer speel, moet die eksaminator en onderwyser vooraf ooreenkom oor watter stukke die kandidaat gaan speel. Raadpleeg die 2009 PAT-dokument vir Musiek, p.7.

Ensemble (20 punte)

- Die party wat 'n bepaalde kandidaat speel, moet 'n individuele stemparty wees: nie 'n duplikasie van 'n ander party nie.
- 'n Ensemble moet uit 'n minimum van 2 persone en 'n maksimum van 8 bestaan.
- 'n Ensemble behoort slegs uit leerders te bestaan. Kandidate moenie saam met onderwysers of professionele musici speel nie, behalwe as dit nie anders moontlik is nie. As 'n onderwyser 'n klavierbegeleiding speel, kan dit nie as 'n ensemble beskou word nie.
- As meer as een Graad 12-kandidaat in 'n ensemble saamspeel, hoef die werk slegs een keer geëksamineer te word, as die paneel gemaklik daarmee is.
- Ten opsigte van kandidate wat gekies het om 6 verskillende etniese Afrika-instrumente te leer speel, moet die eksaminator en onderwyser vooraf ooreenkom oor watter ensemble-werk die kandidate gaan doen. Raadpleeg die 2009 PAT-dokument vir Musiek, p.7.
- Kandidate wat populêre musiek of jazz aanbied, mag van 'n opname vir ensemble-doeleindes gebruik maak.

Bladlees (10 punte)

- Die bladleesvoorbeelde moet kort stukke op die vlak van Graad 3-stukke wees.
- Die eksaminator moet bladleesvoorbeelde vind sodra hy weet watter instrumente betrokke is.
- In die geval van minder algemene instrumente, soos fagot of harp, moet die eksaminator verkieslik met ‘n vakspesialis hieroor skakel.
- Ten opsigte van kandidate wat gekies het om 6 verskillende etniese Afrika-instrumente te leer speel, moet die eksaminator en onderwyser vooraf ooreenkom oor die aard van die bladlees wat die kandidaat gaan speel. Raadpleeg die 2009 PAT dokument vir Musiek, p.7.

Improvisasie (10 punte)

- Improvisasie moet op ‘n gegewe ritme, melodie of akkoordprogressie gedoen word.
- Kandidate kan kies uit enige vier toonlere. Raadpleeg die 2009 PAT-dokument vir Musiek, p.8.
- Dit beteken dat eksaminatore melodiese en harmoniese improvisasievoorbeelde in ‘n wye verskeidenheid van toonaarde sal moet voorberei. Voordat die voorbeeld vir die kandidaat gegee word, moet die kandidaat gevra word watter toonlere hy vir improvisasiedoeleindes voorberei het. Hierna word die eksaminator se keuse toegepas, behalwe as die eksaminator die kandidaat die toonleer wil laat kies.
- ‘n Gegewe ritme (sonder ‘n melodie) kan natuurlik deur die kandidaat in ‘n gekose toonleer gebruik word.
- Eksaminatore en onderwysers word aangemoedig om die improvisasie-voorbeelde van Trinity Guildhall of ALMSA as riglyn te gebruik by die opstel van eie voorbeelde.

Gehoortoetse (10 punte)

- Bladlees: Vind ‘n kort diatoniese melodie van 4 – 8 mate verkieslik in majeur, mineur of pentatonies.
- Hou die omvang klein, sonder ongemaklike spronge en binne die waarskynlike omvang van die kandidaat se stem.
- Voeg die solf-notasie bokant die balk, insluitend die korrekte ritmiese solfa-notasie, ter wille van die kandidate wat meer gemaklik daarmee is.
- Klap van ritmes: Dit kan op een van twee maniere gedoen word: òf deur ‘n ritme te klap wat twee maal deur die eksaminator op die klavier gespeel is, òf deur ‘n ritme van die blad te klap.
- Bladklap-oefeninge kan langer wees as ‘n ritme wat twee maal aan ‘n kandidaat gespeel word.
- Dit word aanbeveel dat beide bogenoemde moontlikhede voorberei word, sodat die kandidaat ‘n keuse kan hê.
- Raadpleeg die sillabusse van ander eksaminerende liggame as ‘n riglyn wanneer eie voorbeelde opgestel word.

Voorlê van komposisies of verwerkings (25 punte)

- Die onderwyser moet komposisies of verwerkings van kandidate minstens twee weke voor die eksamendatum aan die eksaminator gee, anders kan dit gebeur dat kandidate se manuskripte nie betyds gemodereer kan word nie.
- Sodoende sal die eksaminator genoeg tyd hê om die manuskrip deeglik te bestudeer en die punt te finaliseer.
- Die onderwyser moet ‘n voorgestelde punt aan die werk toeken.
- Die eksaminator sal die finale punt uit 25 op die eksamenrapportvorm aanbring tydens die eksamen.

Eksamenvorms:

- Die voorgestelde vorm vir praktiese eksamens op die laaste bladsy van die Vakassesseringsriglyne vir Musiek kan vir u gebruik aangepas word.

11 PROVINSIALE PRAKTIESE EKSTERNE EKSAMENS: RIGLYNE

- Die moderator of eksaminator, soos aangestel deur die provinsiale departement van onderwys, moet die eksamenrooster opstel.
- Die eksamendatums en -lokale moet eers telefonies met die musiekonderwysers by die skole gefinaliseer word. Dan kan die finale eksamenrooster opgestel word.
- Die finale eksamenrooster moet dan na elke skool wat Musiek aanbied, gestuur word.
- Geen veranderinge kan aan die finale eksamenrooster aangebring word nie. As ‘n kandidaat siek is op die eksamendag, moet 'n mediese sertifikaat voorgelê word. ‘n Spesiale eksamen kan dan vir die kandidaat op ‘n later datum gereël word.
- Elke kandidaat moet omtrent 40 minute kry vir die eksamen. Hierdie tydsduur mag verskil weens verskeie omstandighede. Sommige provinsies mag byvoorbeeld van kandidate verwag om dokumentasie van hul skoolgebaseerde assessering (CASS) en hul komposisies of verwerking aan die paneel van eksaminatore voor te lê. Sommige van die meer gevorderde kandidate mag stukke van langer tydsduur speel, en omgekeerd.
- As meer as een Graad 12-kandidaat saamspeel in ‘n ensemble, hoef die werk slegs een keer geëksamineer te word. Al die betrokke kandidate word dan gelyktydig vir hul rol hierin geëksamineer.

MUSIEK VRAESTEL 2: MUSIEKBEGRIPSTOETS

RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN DIE KLANKBAAN

- Die volgende riglyne word vir die organisasie van Musiek Vraestel 2 (Musiek-begripstoets) aanbeveel. Hierdie vraestel bevat ‘n klankbaan op ‘n klank-CD, wat tydens die eksamen aan kandidate op ‘n hoëtroustel gespeel moet word.
- Die klank-CD word deur die eksaminator gemaak saam met vraestel 2. Hierdie CD is in klankformaat, nie rekenaarformaat nie. Die klank kan ook op ‘n rekenaar gespeel word. As dit nodig sou wees om die CD te kopieer, moet daar seker gemaak word dat dit nie in rekenaarformaat is nie, want dan sal dit nie op ‘n hoëtrou CD-speler gespeel kan word nie.
- Die klank-CD’s sal deur die nasionale Departement van Onderwys (DvO) in Pretoria gekopieer word: een vir elke eksamensentrum in die land waar Musiek geskryf sal word. Gehaltebeheer sal by die DvO op ‘n hoëtroustel gedoen word.
- Elke provinsiale Direktoraat vir Eksamens en Assessering moet ‘n spesifieke amptenaar aanwys om volle verantwoordelikheid hiervoor te aanvaar.
- Die vereiste aantal CD’s sal aan elke provinsie gestuur word, volgens die getal eksamensentrums in die land waar Musiek geskryf sal word.
- Sewe dae voordat die vraestel geskryf word, moet die hoofopsiener en die musiekonderwyser die klanktoerusting in die eksamenlokaal opstel. Die CD moet dan op die CD-speler wat tydens die eksamen gebruik gaan word, gespeel word. Al die snitte van die CD moet getoets word. Besluit ook of die akoestiek en klankkwaliteit aanvaarbaar is.
- As enigiets nie in orde sou wees nie, is daar nog 7 dae oor om die probleem reg te stel. Dar moet ‘n gebeurlikheidsplan wees in geval van ‘n kragonderbreking. Indien geen CD ontvang is nie, of indien die CD nie behoorlik funksioneer nie, moet tree onmiddellik met die provinsiale direktoraat vir Eksamens en Assessering in verbinding.
- In so ‘n geval moet die provinsie self kopieë maak. Provinsies moet dan seker maak dat dit in klankformaat, en nie in rekenaarformaat nie, gedoen word, sodat dit op ‘n hoëtrou-CD-speler gespeel kan word.
- Op die dag van die eksamen moet die klankapparaat en CD weer omtrent ‘n uur voor die eksamen begin, getoets word. Die musiekonderwyser, of iemand wat deur die hoofopsiener aangewys word, moet die klankapparaat hanteer. Die persoon moet weet hoe om ‘n sekere snit te speel, hoe om ‘n snit te herhaal en hoe om die apparaat te stop aan die einde van ‘n snit. Elke snit moet telkens gestop word wanneer dit klaar is, om te verhoed dat die volgende snit begin speel.
- Wanneer die eksamenvraestelle oopgemaak word en aan die kandidate gegee word, moet die persoon wat die CD-speler hanteer, dadelik ‘n vraestel ontvang. Die instruksies vir hierdie persoon verskyn op die keersy van die voorblad. Verder verskyn daar ‘n skadublok waarin die snit se nommer verskyn. Alle instruksies by elke vraag verskyn in die skadublokke: hoeveel maal elke snit gespeel moet word, tydsduur van stiltes tussen snitte, ens. Volg asseblief die instruksies baie nougeset.

Kopiereg voorbehou